



HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

Nuusbrief Newsletter

20 | 2024
30 | 08 | 2024

BELANGRIKE DATUMS

Sat. 31 Aug: Netbal Overberg Fast 5 toernooi (tuis)
Sewesrugby: o.15 en o.17-spanne neem deel (Paarl)
Ma., 2 Sept: Gr 12 LO NSS Finale Eksamen
Vry., 6 Sept: Loslit Dag
Sekretaressedag

PERSONEEL

Mnr Retief woon vanaf 1-4 September die SAOU-hoofdesimposium in Gqerberha by.

KULTUUR

REDENAARS

William Swartbooi en San-Mari Rossouw, beide gr 11, het aan die tweede rondte van die **Overberg Streeksmuseumredenaarskompetisie** deelgeneem. Tydens hierdie deftige geleentheid by die Caledon Casino het vyftien gr 10 tot 11-leerders meegeding om hulle plekke in die volgende rondte te verseker. Die sprekers het met kreatiewe, innoverende voorstelle vorendag gekom om museums meer toeganklik te maak vir almal. Spesiale klem is ook gelê op die noodsaaklike taak wat elke SA landsburger het om hul erfenis te bewaar. Slegs gr 10 tot 11-leerders wat English Additional Language neem, mag deelneem. Die twee BD's het die bederf van dié formele geleentheid baie geniet en hul goed van hul taak gekwyt.



Vlnr: William Swartbooi, me L van Schalkwyk (skakelopvoeder), San-Mari Rossouw



GELUKKIGE VERJAARSDAG

4 September: Mnr Hardus Lourens



CHOIR: ARTSCAPE FESTIVAL

The Bredasdorp High School choir has done it again!

For the 4th time in a row, the choir has qualified for the prestigious Artscape Schools Arts Festival Gala!!

For three weeks, there are preliminary rounds hosting hundreds of items in the theatre.

Any performing arts item can be performed, and there is a wide range of choirs, vocal, dance, and musical items from across the Western Cape.

Only the top 16 to 18 are chosen for the Gala, qualifying the choir as one of the top 3 choirs in the entire event and the Western Cape.

Our congratulations extend to each choir member, as well as the choir Director, Mrs. Simóne Rossouw.

They took part at the Gala event on 29 August. They represented the Overberg District.

Congratulations Bredasdorp High School choir!!



BD Choir at Artscape

MATRIC BREAKFAST 2024


The annual matric breakfast took place on Friday, 23 August. The morning was well enjoyed with a yummy breakfast bun. Our learners and their guardian-teachers had the opportunity to interact with each other prior to their record exams.

A motivational speech was given by Ms Zandi Ncgaba, an old BD. The speech focused on determination and perseverance, two critical aspects that our matrics need to focus on.

Mnr Marlon Olivier se Just Dance Studio het vir 'n pragtige dansvertoning gesorg. Baie dankie Meneer Marlon en die dansers!

Heldersig Koshuis se kombuispersoneel het die vroeë oggendure aangedurf om 'n heerlike ontbyt te kon voorsit. Ons waardeer elkeen van julle. Baie dankie.

Baie dankie ook aan me Elza Olivier (graadhoof) en die matriekonderwysers wat verantwoordelik was vir al die reëlings. Dit was beslis 'n geleentheid om te onthou.

**GEESTELIK****HARTKLOP**

Die matriekmeisies het verlede week hul laaste Hartklop-periode gehad. Hulle het gesels oor seëninge (blessings) en om mekaar meer te seën. Elkeen het vir iemand 'n seën geskryf terwyl hulle lekker saam hot chocolate gedrink het.

Dankie aan die volgende borge:
Let's Play
Hop In
Packtown



2014-MATRIEKS BESOEK HUL ALMA MATER



Agter: Luané Roux (Fiet), André Steffens, Mabeth Crafford, Annike Lennox, Bea-Marie Visser, John Briers, Johan Eksteen
 Voor: Jean Afrika, Corlé Groenewald, Ami Albertyn (Brooks), Theresa van Schalkwyk, Cara Wessels, Jeanette Human (Vd Westhuizen), Janke van Wyk (Grünschloss), Kaylin Marais (Fourie), Reinhardt Combrink

Saterdag, 24 Augustus, was 'n fees vir die matrieks van 2014 toe hulle heerlik saam met hul oud-onnies by die skool koek en tee geniet en mekaar weer van vooraf leer ken het. Tannie Mariana Wessels (soos sy welbekend is onder die BD's) het die oud-BD's in die geboue en op die terrein rondgewys sodat hulle kon sien hoe die terrein en geboue tans na hul afwesigheid van 10 jaar lyk. Daarna het die oud-BD's by die Gholfklub verder saamgekuier. Baie dankie aan Bea-Marie Visser en Mabeth Crafford wat al die reëlins getref het.



Matrieks 2014 Janke van Wyk (Grünschloss) en Amy Albertyn (Brooks) toets of die skoolbanke na 10 jaar nog so hard is.



Cornél Pratt en Rouxan Viljoen



Rouxan en Famke (Jalving) Viljoen, van gr 10 af al 'n paartjie



Tyren Coetzee en John Briers



Zahn Willemse

JAARTEMA:
CONNECT

KWARTAALTEMA
 Connect Globally

OVERBERG WEALTH & RISK MANAGEMENT, SANTAM LANDBOU & PG GLASS 7'S UITSLAE:

GROEPWEDSTRYDE o.17:

- BD's wen Ovies 35 - 19
Drieë: Urlinn Henecke (2), Nolé Zedras (2), Prosper Kaitano (1)
Doelskoppe: Urlinn Henecke (5)

- BD's wen Paarl Boys High 24 - 21
Drieë: Nolé Zedras, Prosper Kaitano, Waylon Patel
Doelskoppe: Urlinn Henecke, Nolé Zedras

- BD's verloor teen Boland Landbou 12 - 26
Drieë: Urlinn Henecke, Anton vd Berg
Doelskoppe: Urlinn Henecke

- BD's wen Paarl Gim 19 - 12 in Skild-semifinaal
Drieë: Prosper Kaitano, Anton vd Berg, Kanyiso Matrose
Doelskoppe: Urlinn Henecke (2)

- BD's verloor 14 - 22 teen Montagu in die Skild-finaal.
Drieë: Urlinn Henecke, Prosper Kaitano
Doelskoppe: Urlinn Henecke (2)

GROEPWEDSTRYDE o.15:

- BD's wen HS Robertson 26-12
- BD's wen Hoër Landbouskool Oakdale 7-5
- BD's wen HS Swartland (Malmesbury) 24-17
- BD's verloor teen Paarl Boys High, 31-0, in halfeindstryd van Groot Uitdaagkompetisie

FINALE:

- o.15 Skildkompetisie: Charlie Hofmeyr wen Oakdale 15-14
Plaatkompetisie: Paul Roos wen Paarl Gim 31-5
Groot Uitdaag: HJS (Boys High) wen HTS Drostdy 24-12

- o.17 Skildkompetisie: HJS (Boys High) wen Swartland 36-0
Plaatkompetisie: HS Montagu wen HSB 22-14
Groot Uitdaag: HTS Drostdy wen Parel Vallei 26-7

- o.15-Speler van die Toernooi: Danté Davids (HJS)

- o.17-Speler van die Toernooi: Darren Macgeezer (HTS Drostdy)



BD O.17-SEWESSPAN



BD O.15-SEWESSPAN



Mnr Christopher van Niekerk, mnr Arthur Janson van OWRM, o.17-Speler van die toernooi, Darren Macgeezer (HTS Drostdy) en mnr Thys Kriel



WYNVEILING

Hoërskool Bredasdorp se jaarlikse wynveiling is vanjaar op 28 Augustus by Antoinette Events gehou. Dit was 'n gesellige, glans, kuieraand saam met sowat 110 BD-ondersteuners uit die gemeenskap. Mnr Dian Gilliomme het as afslaer opgetree en het met sy kwinkslae vir groot vermaak gesorg.

Baie dankie aan ons hoofborg, **Overberg Agri** en elke donateur wat bygedra het tot die sukses van die veiling. Die fondse geïen sal vanjaar ten bate van die hokkie 5-a-side astrobaan wat nog afbetaal word aangewend word.

Mnr Christopher van Niekerk en die wynveilingkomitee verdien beslis 'n groot dankie, asook elke persoon wat die wynveiling ondersteun het.



ONS BORGE EN DONATEURS VAN DIE WYNVEILING IS:



NOG 'N SPRINGBOK VIR HSB

Die BD's is besonder trots op Julia de Kock (matriek 2015) wat gekies is vir die Springbok Endurance Riding/Uithourit-span. Hierdie ervare perderuiter het onlangs in Swakopmund in Namibië deelgeneem as lid van die Protea Standaard Gewigspan. Hulle is nie net as die algehele wenner van die spankompetisie gekroon nie, maar Julia het ook algeheel vierde geëindig. Met hierdie prag prestasie het sy ook 'n permanente nommer verwerf. Julia neem reeds van 'n jong ouderdom af aan perdrykompetisies deel. Volgens hierdie bedrewe sportvrou was dit haar uitdagendste uithourit tot dusver, maar beslis 'n ondervinding wat sy vir niks sal verruil nie.

HSB is saam met haar verheug oor hierdie hoogtepunt van haar sportloopbaan.

Baie geluk, Julia.



VERBRUIKERSTUDIEDINEE (Gr 10-12 Verbruikerstudieleerders)

TEMA: "Enchanted Forest"

DATUM: 10 Oktober 2024

WAAR: Skoolsaal

**3-GANG MAALTYD
DANS**

**(Ander grade se leerders
mag bywoon as metgesel)**



COMPLETED PROJECTS

Contact:
Raubie Botha
raubie@diverso.co.za
081 350 3693



Technopark, Stellenbosch:
EMSS Antennas

- Office Building
- Completed December 2023
- 40 x 55W Solar Panels
- 2 x 50kW HV Hybrid Inverters
- 24 x 5.1kW HV Li-Ion Batteries
- 2 x Battery HV Control Boxes



Somerset West:
EMSS Antennas

- Industrial Warehouse Building
- Completed December 2023
- 40 x 54W Solar Panels
- 1 x 50kW HV Hybrid Inverters
- 10 x 5.1kW HV Li-Ion Batteries
- 1 x Battery HV Control Box



Stellenbosch Central:

- High School and Hostel
- Completed October 2023
- 180 x 54W Solar Panels
- 3 x 50kW HV 3P Inverters
- 3 x 40kW HV Li-Ion Batteries
- Phase two of project currently running



Stellenbosch: Sydenhams / Hillside GOR SA

- Office Building and DC
- Completed August 2023
- 128 x 55W Solar Panels
- 2 x 50kW HV Hybrid 3P Inverters
- 22 x 5.1kW HV Li-Ion Batteries
- 2 x Battery HV Control Boxes



Technopark, Stellenbosch:
FlightScope

- Office Building
- Completed October 2023
- 186 x 55W Solar Panels
- 2 x 50kW HV Hybrid 3P Inverters
- 40 x 5.1kW HV Li-Ion Batteries
- 4 x Battery HV Control Boxes



Saxonburg Park, Blackheath:
K&G Distributors

- Industrial Property
- Completed June 2023
- 66 x 55W Solar Panels
- 3 x 12kW 3P Hybrid Inverters
- 4 x 150Ah 7.5kWh Li-Ion Batteries
- 1 x 200Ah 10kWh Li-Ion Batteries
- 4 x 2.4kWh Batteries



Strand:
Seagman Motors

- Commercial Property
- Completed May 2023
- 12 x 54W Solar Panels
- 1 x 12kW Inverter
- 2 x 7.6kW Li-Ion Batteries



Caledon:
CFM Wireless

- Office Building
- Completed December 2023
- 20 x 54W Solar Panels
- 2 x 12kW 3P HV Hybrid Inverters
- 2 x 10.2kW HV Li-Ion Batteries



VOET VAN AFRIKA TOONTJIE 4KM FUN RUN 20 SEPT 2024


REGISTRATION FROM 15H00
AT BREDASDORP SPORT GROUNDS

START TIME 18H00

ENTRY FEES R30 CHILDREN | R60 ADULTS



Lucky draw prizes!



SOLAR & ENERGY SOLUTIONS

- Solar and back-up systems from 5kW to 1MW
- More than 290 completed projects generating 5MW pm
- Successful projects at commercial, industrial, residential, manufacturing premises and schools
- Direct rental, cash or power purchasing agreements through the Diverso Group
- Optimization & maintenance service agreements



FUNDING FOR BHS CRICKET TOUR

Please help us support the Bredasdorp High School cricket team as they embark on a crucial cricket tour during the September holidays to develop their talents and build brighter futures. Some of these young cricket players, hailing from underprivileged backgrounds, lack the financial means to fund this opportunity themselves. This tour is not just about playing cricket; it's about helping all the players reach their full potential. Your donation can make a real difference, fostering their skills, discipline, and hope for a better future. Please join us in backing their dreams and potential. Be part of the reason that a child feels welcomed, seen, heard, valued and loved.

To donate, please follow the link: <https://www.backabuddy.co.za/campaign/hd-bredasdorp-cricket-tour>

MATRIEKS SKRYF REKORDEKSAMEN

Baie sterkte aan die gr 12-BD's wat tans midde in die rekordeksamen is. Hierdie belangrike eksamen dien as grondslag en voorbereiding vir die Nasionale Senior Sertifikaateksamen wat op 21 Oktober begin.

Julle is nou in die pylvak, matrieks. Baie sterkte met die voorbereiding.

“Our greatest weakness lies in giving up. The most certain way to succeed is always to **try just one more time.**”

— *Thomas A. Edison, businessman and inventor of the phonograph and electric lamp*

BD-KULTUURKATTE, ONS TROTS BY RATEM-EISTEDDFOD

Die sewe BD-kultuurkatte wat onlangs tussen hulle 1 brons, 4 silwer, 11 goue en 6 cum laudes in die Spraak en Drama-afdeling van die RATEM Eisteddfod in Riversdal ingepalm het, het HSB verder trots gemaak.

Malienke van Wyk het die medalje vir die hoogste persentasie in die English Poems-afdeling (94%) gewen.

Reese Louw was die medaljewenner vir die gr 10 English-poems met 'n puik 91%

Die trofee vir die Algehele hoogste persentasie van 'n dogter (gr 8 tot 12) in die Drama-afdeling, kom ook vanjaar na Hoërskool Bredasdorp toe. Baie geluk aan Malienke van Wyk in gr 9.

Voorwaar skitterend! Ons is trots op al die BD-deelnemers



Agter vlnr: Zoë October, San-Mari Rossouw, Reese Louw

Voor vlnr: Jadene Laing, Leslie-Ann Janse van Rensburg, Casey-Leigh Moses en Malienke van Wyk

